# Hoofstuk 16
# Woorde wat wip

In hierdie hoofstuk wil ons die leerders bewus maak van Afrikaans as lekkersê-taal. Die aanleer van nuwe woorde moet iets wees waarna die leerders uitsien. Dit moet pret wees.

## Luister en Praat

### Aktiwiteit 16.1: Bou wipwoorde

*KABV bl. 21 – 22*
In hierdie aktiwiteit wil ons seker maak dat al die leerders op een of ander manier betrek word. Hulle kry geleentheid om in groepe uiting te gee aan hul kreatiwiteit deur nuwe name aan verskillende skakerings van kleur te gee.

- Moedig leerders aan om kreatief te dink en om woordeboeke te gebruik as prikkel om nuwe woorde te skep. Herinner hulle dat die kleurname wat hulle skep vas geskryf word.
- Laat elke leerder in die groep in beurt kry om die groep se nuwe woorde voor te lees.
- Laat die leerders in hul groepe iemand kies wat goed is met ritme om hulle woorde te kletsrym. Daarna kan die groep dit vir die klas rap.

### Aktiwiteit 16.2: Hou ’n kompetisie

Lees vir die leerders die volgende sinne hardop voor:
Ek gebruik my **sompompie** om ingewikkelde berekeninge te doen.
Die **wrakwa** was vinnig op die ongelukstoneel om die stukkende motor weg te sleep.
Een maal in ’n kwartaal mag ons ons **saterdrag** in plaas van ons skooldrag aantrek skool toe.
Die paartjie het mekaar leer ken by ’n **moljol** wat ’n paartjiemaker vir hulle gereël het.
Daar was groot **marakkas** toe die hoof die seuns vang wat stokkiesdraai by die rivier.
Ons wag elke middag na skool by die **kombikraal** op ’n taxi om ons huis toe te neem.
As jy nie film gesien het nie, kan jy altyd die **fliekpiering** by ’n videowinkel uitneem.
Die filmster het **oogrowend** gelyk in haar Christian Dior-skepping.
Die eerste ding wat my ma doen nadat sy aangetrek het, is om haar **plooipleister** aan te sit.
So ’n **vleiskuif** het seker nie ’n kam nodig nie!
Ek hou van **byekonfyt** saam met kaas op my brood.
Na pouse ruik ’n mens dat al die seuns gou ’n **blikkiesbad** gevat het voordat hulle van die speelgrond af klas toe gekom het.

Laat leerders in pare werk en gee hulle nagenoeg 10 minute om te probeer ontsyfer wat hierdie nuutskeppings in Afrikaans beteken.

| | | | |
|---|---|---|---|
| sompompie | *calculator* | wrakwa | *breakdown van* |
| saterdrag | *“civvies”* | moljol | *blind date* |
| marakkas | *trouble* | kombikraal | *taxi rank* |
| fliekpiering | *DVD* | oogrowend | *stunning* |
| plooipleister | *make-up* | vleiskuif | *bald* |
| byekonfyt | *honey* | blikkiesbad | *deodorant* |
| goeterjasies | *gadgets* | sofapokkel | *couch potato* |

**Aktiwiteit 16.3: Vrae oor ’n informatiewe teks (resensie)**

*KABV bl. 19, 62*

In die eerste kwartaal het die leerders kennis gemaak met ’n resensie. Hier kry hulle nou weer kans om ’n resensie te hersien, maar in die vorm van ’n luisterteks. Dit is bekende inhoud vir die leerders wat Fanie Viljoen se drama, *Betower*, behandel. Moedig die leerders aan om aantekeninge te maak terwyl die teks gelees word. Wys hulle daarop dat hulle ’n hoofgedagte uit elke paragraaf moet kan uitlig en dan ook ondersteunende besonderhede vir elke hoofgedagte moet kan neerskryf.

**Pre-lees:**

Die vrae moet die leerder lei om die nut van ’n resensie raak te sien.

1. Hier sal leerders ’n verskeidenheid tekste opnoem. Lei hulle om te kan aandui dat die werk vir hulle mooi was omdat dit bv. aansluit by hulle leefwêreld, dit hulle laat lag het, hulle laat fantaseer het, of vir hulle iets geleer het, ens. Die woordkeuse daarin was raak of dit was ’n boek of gedig van hul gunstelingskrywer of -digter.
2. Dit gee lesers ’n aanduiding of hulle die boek gaan koop of lees of nie. Dit sal skrywers help om die boek te verkoop indien die resensies positief is. Dit gee ’n aanduiding van waaroor die boek handel of wie dit interessant sal vind.

**Tydens lees:**

Vra leerders om mooi te luister wanneer dit die eerste keer gelees word. Wanneer dit ’n tweede keer gelees word, kan leerders aantekeninge maak met behulp van die vrae in die leerdersboek op bl.172.

**Fanie Viljoen – skrywer wat ’n wip in jou leeslus sit**

Fanie Viljoen is die bekroonde skrywer van *Betower*, naaswenner in LAPA Uitgewers se jeugromankompetisie van 2011. *Betower* is ’n jeugroman in die tradisie van Dalene Matthee se bosromans.

Viljoen se navorsing maak sy stories geloofwaardig. Om die bosomgewing eerstehands te ervaar het hy ’n paar dae in Magoebaskloof gaan bly, in die bos gaan loop, onder watervalle gestaan, op sy rug gelê onder die reusebome sodat hy die omgewing so realisties moontlik kon weergee.

Viljoen het mense daar in die kloof gaan “skep”. Nadia is geïnspireer deur ’n tydskriffoto van ’n blekerige meisie met ’n vreeslike bos hare. Sy dra ’n geheim in haar rond. Dit is hoekom haar ma haar by haar ouma in Magoebaskloof afgelaai het. Nadia bou mure om haarself om ander mense weg te hou. Dit is totdat sy vir Poenk ontmoet. Daar is iets magies aan hom. Is hy ’n bosprins? Kom hy uit ’n sprokie? Poenk het ook ’n geheim. Dis hierdie geheim wat Nadia se lewe verander.

Viljoen neem die leser na boeiende, broeiende plekke met ongewone karakters in ’n verhaal van hoop, liefde en geheime.

[http://lapa.bookslive.co.za/blog/2012/04/12/fanie-viljoen-se-pryswenner-jeugroman-betower-nou-beskikbaar-plus-lokprent/]

**Post-lees:**
**Memorandum**
16.3.1 Die hoofgedagte in paragraaf 1 is dat Fanie Viljoen die bekroonde skrywer is van die jeugroman *Betower*. Dit beteken dat hy 'n prys vir die boek ontvang het. Watter uitgewer het 'n prys aan hom toegeken? (1)
*LAPA*
16.3.2 Luister weer na paragraaf 2 en skryf die hoofgedagte van die paragraaf neer. (2)
*Fanie Viljoen se navorsing (1) maak sy stories geloofwaardig. (1)*
16.3.3 Wat het Viljoen in Magoebaskloof gedoen om die omgewing te leer ken? Noem drie dinge. (3)
*Hy het in die bos gaan loop, (1) onder watervalle gestaan, (1) op sy rug gelê onder die bome. (1)*
16.3.4 Luister weer na paragraaf 3 en skryf die hoofgedagte van die paragraaf neer. (1)
*Viljoen het mense daar in die kloof gaan "skep".*
16.3.5 Waar het Fanie Viljoen sy inspirasie vir die karakter van Nadia gekry? (1)
*tydskriffoto*
16.3.6 Watter ooreenkoms is daar tussen Nadia en Poenk? (1)
*Albei het 'n geheim.*
16.3.7 Voltooi die volgende gedeelte uit die slotsin van die resensie met die korrekte woord:
*Betower* is 'n verhaal van hoop, ______ en geheime. (1)
*liefde* TOTAAL: 10

**Die kenmerke van 'n drama**

**Aktiwiteit 16.4: Kenmerke van 'n drama**
*KABV Bl 62*
Laat die leerders hierdie tabel oorteken in hulle aantekeningboek sodat hulle dit vir die eksamen kan leer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 16.4.1 | INTRIGE | G | Storieplan of verwikkelde situasie waarop die drama gebaseer is |
| 16.4.2 | SUBINTRIGE | D | Ondergeskikte situasie waarop die drama gebaseer is. |
| 16.4.3 | KONFLIK | A | Botsing tussen karakters |
| 16.4.4 | KARAKTERISERING | E | Die manier waarop die leser die karakters in die drama leer ken. |
| 16.4.5 | DIALOOG | B | Gesprekke tussen die karakters. |
| 16.4.6 | HANDELING | H | Die manier waarop die karakters optree. |
| 16.4.7 | RUIMTE | F | Waar die drama afspeel |
| 16.4.8 | DRAMATIESE IRONIE | C | Die karakters is onbewus van iets terwyl die leser/toeskouer weet wat werklik plaasvind. |
| 16.4.9 | TONEELAANWYSINGS | J | Skuinsgedrukte inligting oor hoe die karakters moet praat, hulle lyftaal en/of waar hulle op die verhoog moet staan. |
| 16.4.10 | DRAMATURG | K | Die skrywer van die drama |

**Lees ’n drama**
**Pre-lees:**
Maak seker dat die leerders die idioom wat as titel vir hierdie drama gekies is, verstaan: ’n Mens kan jou vasloop as jy te slim probeer wees. Of jou slim planne kan boemerang. Laat hulle vasstel op watter karakter in die drama hierdie idioom van toepassing is.

**Tydens lees**: Kies vier leerders wat goed lees om die drama in die klas voor te lees.

**Aktiwiteit 16.5: Vrae oor ’n drama**

**Post-lees:**
**Memorandum**
16.5.1 Wat is die boodskap/hoofgedagte wat die dramaturg aan die gehoor wil oordra met hierdie drama? (1)[DV4]
*Moenie impulsief optree nie. / Moenie sommer vinnige gevolgtrekkings maak nie. / As jy te slim probeer wees, mag jy jou dalk vasloop. / As jy jou slim hou, kan jou slimgeid boemerang, met ander woorde vir jou tot nadeel wees.*
16.5.2 Om hierdie boodskap oor te dra, gebruik die dramaturg sekere elemente van ’n drama, nl. konflik, intrige en karakterisering.
a. Gee ’n voorbeeld van konflik in hierdie drama? (1)[DV3]
*Toe Jason en Tommy die man vasgegryp het. / Toe Jason en Tommy met die man gestry het.*
b. Is hierdie konflik innerlik of uiterlik? Motiveer. (2)[DV2]
*Uiterlik. / Die twee jongmans het sommer gedink die man is ’n motordief en hom gegryp.*
16.5.3 Die polisieman se optrede en sy woorde sluit mooi aan by die boodskap. Motiveer hierdie stelling. (2)[DV3]
*Die polisieman het nie oorhaastig besluit wie skuldig is nie. / Die polisieman het hom nie probeer slim hou nie.*
16.5.4 Wat Jason gesê het en wat hy gedoen het, verskil. Waarom kan ons hierdie stelling maak? (2)[DV4]
*Jason het gespog oor wat hy met die dief sou doen, / maar toe hy die “dief” sien, wou hy eerste die polisie bel.*
16.5.5 Indien jy die dramaturg was en ‘n laaste spreekbeurt moes invoeg ná die polisieman se woorde, wie sou jy laaste laat praat: die man, Tommy of Jason? Skryf nou die woorde neer wat jy dié spreker van jou keuse sou laat sê? (1) [DV5]
*Bv. Jason: Sersant, gaan jy nou regtig hierdie skelm se woord bo ons s’n neem?*

## Skryf en Aanbied
Die vaardigheid om ’n opsomming te maak is van groot waarde vir elke leerder.
Maak seker dat die leerders die volgende stappe in die skryf van ’n opsomming onder die knie het:
- Lees altyd die leesstuk eenkeer goed deur om te verstaan waaroor dit handel.
- Lees dan die opdrag goed deur.
- Lees die leesstuk ’n tweede keer deur en lig die sleutelwoorde/-sinne uit wat nodig is vir die uitvoering van die opdrag.
- Herskryf die sleutelsinne in eie woorde EN in volsinne.
- Tel die getal woorde wat gebruik is en brei uit of reduseer indien nodig.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS onder mekaar neer en NOMMER elke sin. Skryf die getal woorde onderaan die finale produk neer en onderstreep dit.

**Aktiwiteit 16.6: Doen 'n opsomming**
*KABV bl. 30, 36, 62*

1. Jy moet weet waarom jy Afrikaans wil aanleer.
2. Luister radio en kyk na TV-programme in Afrikaans.
3. Oefen gereeld om die woorde in die nuwe taal te kan skryf.
4. Lees boeke en koerante in Afrikaans.
5. Praat Afrikaans soveel as wat jy kan.
6. Lag vir jou foute.
7. Moenie ongeduldig raak nie.
   **49 woorde**

Die opsomming word soos volg nagesien:
**Puntetoekenning:**
7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
3 punte vir taal
Puntetotaal: 10

**Verpreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
1 - 3 feite korrek: ken 1 punt toe
4 - 5 feite korrek: ken 2 punte toe
6 - 7 feite korrek: ken 3 punte toe

**Verpreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
6 - 7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
1 - 5 direkte aanhalings: ken 1 ount vir taal toe

**Aktiwiteit 16.7: Skryf 'n paragraaf**
*KABV bl. 30, 36, 62*
Leerders gaan die vaardigheid wat hulle in hoofstuk 4 geleer het nou oefen deur 'n paragraaf te skryf.
Hulle gaan die volgende taalkomponente in hul paragraaf gebruik:

- Die voegwoorde: indien, sowel as, aangesien
- Die retoriese middele: 'n retoriese vraag as inleidingsin; herhaling
- Die leestekens: komma; aandagstreep
- Hul slotsin gaan een van die volgende idiome wees. Hulle moet die een kies wat die beste by hul laaste sin pas en mooi sal aansluit by die titel en hul inleidingsin: A Van uitstel kom afstel B Aanhouer wen C Agteros kom ook in die kraal.

Die titel van die paragraaf is: Hoe leer 'n mens Afrikaans aan? Die teks verskyn in die Leerdersboek op bl.179.

## Taalstrukture en -konvensies

**Aktiwiteit 16.9: Advertensie**
16.9.1 Wat simboliseer die kopbeen boaan die advertensie? (1)
*Dit simboliseer gevaar.*

16.9.2 Wat simboliseer elk van die tekens in die sirkels? (1)
***Moenie*** *selfone gebruik nie / moenie vinniger as 80 km/h ry nie / moenie drink en bestuur nie.*
16.9.3 Wat simboliseer die hartjie onderaan die advertensie? (1)
*Dit simboliseer liefde.*
16.9.4 ***Haastige hond verbrand sy mond.*** Word hierdie waarskuwing letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. (1)
*Figuurlik. Dis 'n idioom.*
16.9.5 ***Jou vark!*** Is hierdie belediging 'n voorbeeld van konnotasie of denotasie? Motiveer jou antwoord. (1)
*Konnotasie. Dis 'n metafoor.*
16.9.6 Wat is 'n spoedvraat? (1)
*Iemand wat daarvan hou om vinnig te ry.*
16.9.7 Waarom is die voorstelling van die skilpad en die slak humoristies? (3)
*'n Slak en 'n skilpad is albei stadige diere.(1) Uit die prent lei ons af dat Slak vir Skilpad omgestamp het.(1) Nou beskuldig Skilpad vir Slak daarvan dat hy van spoed hou.(1)*
16.9.8 Pas hierdie voorstelling by hierdie advertensie? Motiveer jou antwoord. (1)
*Nee. Dis 'n ernstige advertensie waar daar geen plek is vir grappies of humor nie. OF Ja. Net soos met spotprente, leer mense dalk meer deur humor.*
16.9.9 Verander elkeen van die instruksies in hierdie advertensie sodat dit:
a. 'n versoeksin is, en (4)
*Skakel asseblief af. (1) Gordel asseblief vas.(1) Ry asseblief stadig.(1) Bly asseblief nugter.(1)*
b. in die infinitiewe vorm is. (4)
*Ek vra jou om af te skakel. (1) Ek vra jou om vas te gordel. (1) Ek vra jou om stadig te ry.(1) Ek vra jou om nugter te bly.(1)*
16.9.10 Gee die korrekte vorm van die voornaamwoord tussen hakies.
a. Dis die advertensie <u>*waarin*</u> ons teen spoed gewaarsku word. (1)
b. 'n Mens wonder of iemand <u>*daarop*</u> gaan reageer. (1)
16.9.11 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd. (1)
a. Jy *het* jou selfoon *afgeskakel*.
16.9.12 Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd.(1)
a. Jy *sal* jou selfoon *afskakel*.
16.9.13 Vorm 'n byvoeglike naamwoord van die woord tussen hakies. (1)
Jy moet *spoedig* op my brief reageer.
16.9.14 Gee die regte vorm van die byvoeglike naamwoorde:
a. Die *haastige* slak hardloop die skilpad onderstebo. (1)
b. Die hond sit met 'n *gebrande* mond. (1)
c. Handhaaf altyd 'n *veilige* afstand. (1)
16.9.15 Gee die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies.
Die skilpad dink die slak beweeg *blitsvinnig*. (1)
16.9.16 Verbind die sinne met die voegwoord tussen hakies.
a. Ek gordel my vas *sodra* ek in my motor klim. (1)
b Ek bestuur versigtig *dan* kom ek veilig by my bestemming. (1)
16.9.17 Gee die antoniem vir die onderstreepte woord. (1)
Hy was *dronk* terwyl hy bestuur het.
**TOTAAL: 30**

**Aktiwiteit 16.10: Identifiseer struktuurelemente van ’n drama**
Maak seker die leerders ken die verskil tussen struktuurelemente en boustene van ’n drama. ’n Moontlike werkwyse is om die skryf van ’n drama te vergelyk met die bou van ’n huis. Verduidelik aan die leerders dat ’n huiseienaar eers sal sorg dat hy ’n plan van sy huis het. Hy moet dit hê sodat hy kan weet watter materiaal en hoeveel daarvan hy gaan nodig kry. Sodra hy weet hoe sy huis se plan lyk, kan hy sy boumateriaal begin gebruik.

Net so begin ’n dramaturg met die beplanning van sy drama. Hy moet heel eerste sy karakters en die kwessie in die drama aan sy lesers of sy gehoor bekend stel (eksposisie). Dan moet daar iets gebeur wat die storie sy loop laat kry (motoriese moment). In die verloop van die verhaal (ontwikkeling) moet daar spanning geskep word wat oploop na die klimaks van die drama. Daarna moet al die los drade van die drama opgetel word (ontknoping) en die drama loop dan ten einde (slot). Hierdie struktuurelemente vorm die raamwerk waarbinne die dramaturg nou sy verhaal kan vertel.

Sodra die dramaturg hierdie struktuurelemente in posisie het, kan hy sy karakters kies, besluit wat gesê gaan word, sy intrige beplan, sy agtergrond kies, besluit wie in konflik met wie moet tree, waaroor die botsing gaan plaasvind, ens.
A – Eksposisie B – Motoriese moment C – Ontwikkeling D – Klimaks E – Ontknoping F – Slot

## Vir Verryking

**Aktiwiteit 16.11: Identifiseer struktuurelemente van ’n drama {hier *Paljas*}**
Maak seker die leerders verstaan wat elke struktuurelement behels. Lewer heeltyd kommentaar terwyl die leerders na die film kyk en stop die film elke keer by die betrokke struktuurelement .

Enige ander Afrikaanse fliek kan gebruik word indien *Paljas* nie beskikbaar is nie. Indien die leerders nie toegang het tot DVD’s nie, kan enige kortverhaal ook met vrug gebruik word.

Hier volg die struktuurelemente in *Paljas*:
A) Eksposisie: Die kennismaking met die MacDonald-gesin en hulle probleem – gebrek aan sinvolle kommunikasie.

B) Motoriese moment: Die leeu brul. Die sirkus kom op die stasie aan.

C) Verwikkeling: Die verhaal tot daar waar die nar geskiet word.

D) Klimaks: Die nar word geskiet.

E) Ontknoping: Tot voor die dorpsmense op die stasie aankom na die Volstruisdans.

F) Slot: Die partytjie op Toorwater.